NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 9 November 2025**

**"Uitsig..."**

*"Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig..."*
(2 Korintiërs 4:18; 1983-vertaling).

*" ... terwyl ons nie let op die sigbare, maar op die onsigbare dinge, want die sigbare is tydelik, die onsigbare ewig"*
(2 Korinthiërs 4:18; 2020-vertaling).

*"Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge..."*
(Geloofsbelydenis van Nicéa)

Dié tyd van die jaar kan dié *uitsig* van jou stoep te beperkend word. Die einders op jou plaas begrens en nie tekenend van die naam '*Uitsig*' nie. Beter as enige nag*sig*-toerusting bied Paulus vir elkeen wat in die oënskynlike paradokse van die lewe vasgevang is, nuwe perspektief én ruimte. Dié nuwe oriëntasie word gefokus gevind in 2 Korintiërs 4:16-18. Ons *oë* word op ten minste drie maniere *gefokus*:

- Mét *insig*: In die ontdekking daarvan dat met 'n dieper *kyk,* ek as gelowige elke dag, selfs al *sien* ek al die somers én winters aan my ge*sig*, op 'n wonderlike wyse vernuwe word (2 Kor. 4:16)...

- Mét *terugskouing*: In dié wysheid van 'n deurleefde lewe, *sien* ek dan in die anatomie van swaarkry dat dit skaal- en tydsgewys nie opweeg teen die deurbreek van 'n nuwe heerlikheid nie (2 Kor. 4:17)...

- Met *vooruitsig*: Ten spyte en te midde van dié paradokse, *sien* (en leef!) ek dan in verwagting 'n nuwe werklikheid, wat vir elke dag se tydelike, ewige betekenis én moed bring (2 Kor. 4:18)...

Dié 3 maniere van *sien* bied *visie*, juis ook vir 'n tyd soos hierdie as *uitsig* bepalend word vir waarom én hoekom ek moed hou. Dié *visie* vind dan uitdrukking in die Koninkrykstyd oppad na Advent in krip en kruis, maar ook in 'n leë graf. Dan word dié tyd van die jaar se naam *'Uitsig'*, soos trouens elke dag van my lewe, hiér in die kerk, op stoep, plaas, in kamer én in hart. *Om hiérdie rede word ons nie moedeloos nie....*

**JAvdB**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur prof. Jan-Albert van den Berg en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; ds. Johan Marais die gesinsdiens in die saal. Welkom aan alle besoekers, en aan almal wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Verwelkoming & aansteek van die Wydingskers**

**Votum**

**Seëngroet**

**Loflied:** Psalm 33:1 en 7 ("Hy sal sy *oog* op ons bly hou...")

**Skuldbelydenis:** Lied 241:2 ("Ja, U *sien* my hart se wonde...")

**Vryspraak:** Lied 280:2 ("U het my ook *raakgesien*...")

**Epiklese gebed:** Lied 253:1-2 ("U *beeld* straal uit die Skrif so helder voort...")

**Skriflesing:** 2 Korinthiërs 4:16-18

**Verkondiging:** Tema: *Uitsig*....

**Geloofsbelydenis:** Lied 265:1-2 ("... U, onbegryplik, U is *onsienlik*...")

**Slotgebed:**

**Offergawes van liefde en dank**

**Slotlied:** Lied 478:1 en 4
("Die kruis van ons Verlosser sluit *vergesigte* oop...")

**Seënbede**

**Amen**

**Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 9 Nov. | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds Janke Hurter (Graad 7-diens). |
| Sondag, 16 Nov. | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe (Afsluiting van Junior Kategese).<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Johan Marais (Afsluiting van Senior Kategese). |
| Sondag, 23 Nov. | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Kerssangdiens). Geen aanddiens. |
| Sondag, 30 Nov. | 09:30 – Ds. Janke Hurter (Kerkraadsbevestiging); Nagmaal by Siësta – ds. Jan Lubbe.<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Taizé en Jaarwyding. |

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend die erediens in die NG Kerk Philadelphia (Wes-Kaap), waar hy die doop aan klein Jan Daniël Joubert bedien, die seuntjie van Hannelore en Daniël.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende twee weke verjaar:

09 Nov. Dete Jansen.
10 Nov. Herman Strauss en Alida Strydom.
11 Nov. Lana Buys, Helena Pool en Schalk Wentzel.
12 Nov. Joréda Hoffman, Kosie Kruger, Nieke Matthee, Susan Nel en Helena Samuel.
13 Nov. Stephan Benadé, Shirene Botha, Frans de Jager, Dawid Griessel, Cobus Marais
14 Nov. Corrie Geldenhuys, Twanette Koekemoer en Annalize Miennie.
15 Nov. Elsabe de Jager, Charles du Preez en Schalk Swart.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Valerie du Plessis (Rusticana 26, wyk 8c); Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Dawie Malan (Albrechtstr. 118, wyk 7a); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Hercules Pretorius (Noorderbloem); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b) en Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep – geen Byeenkoms hierdie week (ds. Jan Lubbe is by die vergadering van die Algemene Sinode se Moderamen; daarvoor word ook voorbidding gevra).
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, WhatsApp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) o.l.v. ds. Johan Marais in die Konsistorie: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsverkiesing:**
Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering vanoggend, is 'n aantal lidmate as ouderlinge en diakens verkies.
As voorsitter van die Bestuursraad: ………………………
As leierouderling: ………………………
As leierdiaken: ………………………
Die name van lidmate wat aangewys is, sal by die erediens aangekondig word.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
**Wyke 20, 1** en **2** sorg in November vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## NUUS VAN ELDERS

Gerieflike, gemeubileerde tuinwoonstel ideaal vir 'n senior student of jong werkende te huur vanaf 1 Desember – kontak Hanneke by 076 912 9490.

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING

**Seniorbediening:**
Ons nooi alle lidmate 65+ uit na die afsluiting van ons jaar, op Woensdag, **19 November om 09:30** wanneer die bekende omroeper Albé Grobbelaar (van Historiese Almanak) nóg onthou-stories kom deel, en om daarna ‘n gesellige laatontbyt te geniet – bespreek asb. by die kerkkantoor t.w.v. die getalle vóór Vrydag, 14 November.

**Leesstof:**
Jongste uitgawe van *Kerkbode* is agter op die tafel in die kerk beskikbaar; neem, lees en gesels saam. Dan, vir ‘n wonderlike Kersgeskenk: Die *Uit die Beek*-dagboek vir 2026 geskryf deur Stephan Joubert is in ons Boekwinkel te koop @ R 250; kom bestel joune...

**Almanak 2026:**
Ons is tans besig met die samestelling van die nuwe Almanak vir 2026. Lidmate wat graag ‘n teksvers in een van die oop blokkies wil laat plaas, of wat belangstel om ‘n advertensie daarin te plaas, kan die Kerkkantoor kontak by 073 180 3193.

### GETUIENISBEDIENING

**Gesellige gesprek met Willem en Alla van der Colff (Oekraïne):**
Dankie aan almal wat saam met Willem en Alla kom kuier het; dit was ‘n verrykende en bemoedigende geleentheid. Laat ons aan hulle en die mense van Oekraïne bly dink.

**Gemeentemark:**
Ons hartlike dank aan almal wat bygedra/kom help het met 31 Oktober se Gemeentemark; ons het R4 021 vir ons barmhartigheidsfondse ingesamel! Ons laaste mark is op Vrydag, 28 November 2025.

**Naaldwerkklasse:**
Vanjaar se Naaldwerkklasse vir Huishulpe sluit op Dinsdagmiddag, 2 Desember af; enigiemand wat dit wil bywoon, is hartlik welkom. Kontak Marina Hegter by 📞 083 740 3481 vir meer inligting. Ons begin weer in Januarie 2026, en nuwe lede – en helpers! – is ook welkom; kontak gerus vir Marina.

**Kersliedere by Preller Walk:**
Kom sing saam Kersliedere by Pick n Pay Preller Walk op Woensdag 19 November 2025 – dr Andries Hoffman lei dit en sal meer inligting deurgee (ná die Seniorbedieningfunksie).

**Siësta Sorgsentrum:** Siësta, Hospice en Pro Care bied bekostigbare verblyf vir individue of families wat tydelik verblyf benodig naby ‘n geliefde, bejaarde of iemand wat behandeling ontvang. Kontak Viaan (083 394 7473) of Santjie (082 458 6469).

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die erediensk ollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 9 November: **Middestad- en Arbeidsbediening.** U kan ook ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**